

W.2 SKEDEFONTEINKRUID/ FENNEL-LEAVED PONDWEED

(*Potamogeton pectinatus* L.)


Familie: Potamogetonaceae


(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Skedefonteinkruid is 'n onderwater, gewortelde plant met draadagtige blare van nie meer as 2 mm breed nie. Die blare is aan die opvallende wit skede wat die stingel gedeeltelik omvou, vasgeheg. Klein groen blommetjies word in are wat gewoonlik net bokant die wateroppervlak uitsteek, gedra. Die are bestaan uit 4 tot 8 wyduitgespreide blomkranse. Die vrugte is rond, bruin, ongeveer 4 mm lank, en bevat net een saad.

Verwante spesies

Skedefonteinkruid kan van die drie ander Suider-Afrikaanse *Potamogeton*-spesies met smal





onderwaterblare, onderskei word deur blare wat vasgeheg is aan die wit, oop skedes wat die stingel omvou.

Verspreiding

Hierdie spesie is min of meer oor die hele wêreld versprei en kom in groot dele van Suid-Afrika algemeen voor. Skedefonteinkruid is die waterplant wat die meeste in die Bo-Oranjeopvanggebied voorkom en is ook een van die dominante spesies in die Wildernismere.

Ekologie

Skedefonteinkruid is die enigste *Potamogeton*-spesie wat in brakwater gevind word. Dit is 'n lewenskragtige, slikliewende plant wat in voedingryke water floreer. Hierdie plante groei in plekke soos kanale met rioolafval waar grootskaalse besoedeling voorkom. Die plante is dikwels met kalk aangepak.

Belangrikheid

Dit is 'n lastige wateronkruid in plaasdamme en kan filtreerstelsels verstop, terwyl dit opgaarddamme, kanale en slote besoedel. Groot massas van hierdie spesie kan motorbootsport en hengel belemmer, soos tans die geval is by die Sandvleistrandmeer op die Kaapse Vlakte. Hierdie onkruid kan nie deur die uitdaging van damme uitgeroei word nie, aangesien oorlewing deur middel van spesiale droogtebestande strukture (turions) kan plaasvind. Dit is egter nuttig by die vermindering van golfaksie waardeur walerose voorkom kan word. Die plante voorsien ook nesmaakmateriaal en voedsel vir watervoëls.

Opmerkings

Die wetenskaplike naam is van die Grieks *potamos* = rivier, *geiton* = buurman en *pectinatus* = soos die tande van 'n kam, afgelei.

Spesienommer: 0058.000-00300

Literatuurverwysings

- ANON, 1976. *Making aquatic weeds useful: some perspectives for developing countries*. National Academy of Sciences. Washington, D.C.
- BURKHALTER, A.P. ET AL., 1978. *Aquatic and wetland plants of Florida*. Tallahassee: Bureau of Aquatic Plant Research and Control.
- EDWARDS, D. & NEL, M.D.S., 1972. A reconnaissance survey of aquatic macrophytes in the upper Orange River catchment. *Trans. S. Afr. Instn. civ. Engrs* Feb. 1972: 85-88.
- MUSIL, C.F., 1973. *Water plants of Natal - a guide to the important species*. The Wildlife Protection and Conservation Society of South Africa.
- OBERMEYER, A.A., 1966. *Potamogetonaceae*, in Codd, L.E., De Winter, B. & Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 1.
- SCULTHORPE, C.D., 1967. *The biology of aquatic vascular plants*. London: Edward Arnold.